Afrikaans Huistaal

Graad 11 Vraestel 1

Cecilia Klopper

0828720039

Punte: 70
Tyd: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.
Instruksies en inligting

1. Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings.

   Afdeling A: Leesbegrip (30)
   Afdeling B: Opsomming (10)
   Afdeling C: Taalstrukture en -konvensies (30)

2. Lees alle instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord al die vrae.

4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.

5. Trek ’n streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat ’n reël oop na elke antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Voorgestelde tydsindeling
   Afdeling A: 50 minute
   Afdeling B: 30 minute
   Afdeling C: 40 minute

10. Skryf netjies en leesbaar.

Afdeling A: Leesbegrip

Vraag 1

Lees en kyk na die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

Teks A Tydskrifartikel

Hartenbos, my hart se punt

1.

Alhoewel ek Hartenbos vir die eerste keer besoek het toe ek al in my twintigerjare was, is dit een van my gunstelingplekke in die land. Daar lê soveel mooi herinneringe van vakansie hou saam met ons ouers en kinders en nóú natuurlik saam met ons kleinkinders, opgesluit, dat ek julle net eenvoudig van my "beker-oorloop"-gedagtes van die omgewing moet vertel. Hartenbos is geleë in die Wes-Kaap, noord van Mosselbaai en ongeveer 40–45 km van George af.

2.

Dit was oorspronklik 'n plaas, maar is in 1936 deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens (Transnet vandag) vir 7000 pond gekoop en as vakansie-oord vir sy werknemers met 'n laer rang ontwikkel. Die plaas is in 670 erwe opgedeel wat teen 60 pond elk verkoop is. Op sekere van die erwe was 'n boubeperking en geen baksteengebou is daarop gebou nie. Dié beperking is eers in 1994 opgehef. Die ATKV het die oord van 1963 af bestuur en is vandag nog aan die stuur van die vakansie-oord.

3.

Die stranddorp het steeds 'n kleindorpse rustigheid en nostalgiese gevoel wat vakansiegangers daarheen lok. Daar is kleinerige inkopiesentrums met kruidenierswinkels, restaurante, apteke, banke, klere- en geskenkwinkels, haarkappers, vulstasies en mediese dienste en dies meer, maar dis nog klein genoeg om nie die gejaagdheid van groter stede te hê nie. Alhoewel daar gedurende Desember-vakansie wel baie verkeer is, beweeg die motors stadig.

4.

Vakansiegangers word deur sangers in die amfiteater vermaak. Kerkdienste kan in die kerke en in die amfiteater bygewoon word. 'n Binnemuurse speletjiessentrum verskaf ure se genot vir die jongklomp. Wat is nou lekkerder as 'n Desember-sokkie of 'n Tien Pen-rolbal-aand?

5.

Die grootste aantrekkingskrag vir vakansiegangers wat kinders of kleinkinders het, is natuurlik die waterpret-area. Alhoewel 'n toegangsfooi betaalbaar is, is dit op 'n hoë standaard en word dit goed in stand gehou. Daar is ook 'n binnemuurse warmswembad vir die koulikes onder ons.

6.

Afgesien van gastehuise, woonstelle en vakansiehuise wat te huur is gedurende vakansietye, kan jy ook heerlik langs die strand kampeer. Alhoewel ons nog nooit daar gekamp het nie, kan 'n mens sommer net die atmosfeer aanvoel en beleef deur net die kampeerders dop te hou. Hulle ontspan, al ruk-en-rol die tentpenne soms wild. Dit is waar hulle wil wees.

7.

Om in Hartenbos te kampeer is seker die beste vakansie-ervaring wat jy ooit vir jou kinders kan gee. Dink net – as jy soggens wakker word, ruik en hoor jy die see. Menige Suid-Afrikaners kan getuig van lang vakansies in Hartenbos, familietyd en vakansie-romanse, sonbruin lywe en lekker ontspan.

8.
Die see is stapafstand, en daar is sommer twee strande waaruit jy kan kies. Die strand is lank en smal en jy kan lekker ver stap terwyl jy droomverlore oor die see staar. As jy lekker fiks is, soos ons in ons jong dae was, stap jy sommer die ses kilometer na Diaz-strand in Mosselbaai toe ook. Daar is tans lewensredders wat ’n ogie oor die see se nukke en die strandbedrywighede hou.

9.
Hartenbos is ’n plek waar jy kan ontspan terwyl die kinders hulleself geniet. As jy egter rooimiere kry en die omgewing bietjie wil gaan verken, is daar binne ’n radius van 80 km ’n lang lys interessante plekke wat jy kan gaan besoek. Daar is ook ’n verskeidenheid aktiwiteite waaraan jonk en oud kan deelneem.

10.
Net buite Hartenbos kan jy ’n helikopterrit onderneem om die asemrowende landskap te bewonder. Daar is ook wildreservate in die omgewing as jy bietjie die “bosveld”-gevoel wil kry.

11.
In Mosselbaai, Hartenbos se aangrensende buurdorp, kan jy op ’n bootrit om Robbe-eiland gaan. Dit is ’n baie interessante belewenis, maar gaan liewer op ’n windstil dag en nié as die deinings van die see te hoog is nie. My laaste belewenis van dié bootrit was ’n bietjie senutergend, omdat die branders net ’n bietjie te hoog was.

12.
Die kabelglybaan by die punt van Mosselbaai is die nuutste toevoeging tot ’n opwindende doenlysie op die Tuinroete. Beleef die gevoel van absolute vryheid terwyl jy oor een van die mooiste strande in die land gly.

13.
Dit is ook ’n belewenis om tot bo in die St. Blaize-vuurtoring by Die Punt te klim.

14.
Die hengelaars kan op ’n diepsee-hengelvaart gaan terwyl die dames in die oulike winkeltjies rondsnuffel. Net soos in Hartenbos, is roomys-eet hier ’n moet. Verkieslik op die strand met die seelug en wind in jou hare.

15.
Die Diaz-museum neem jou terug na die verlede. Drentel daardeur, bestyg die Diaz-Karaveel en streel oor Bartolomeus Diaz se poskantoorskoen onder die reusagtige boom waar Diaz tydens sy omswerwinge briewe vir ander seevaarders gelos het.

16.
Noordoos van Hartenbos lê George en Wildernis. In Wildernis is dit heerlik om op die Kaaimansrivier te gaan roei of na die Kaart van Afrika te gaan kyk. Die Kaaimansrivier vloei in die vorm van die buitelyne van Afrika en kan van bo af besigtig word. Die hoë besigtigingspunt is ook gewild onder sweefskermvlieërs. Die uitsig oor die kuslyn en oseaan is asemrowend. Maar ek sal maar liewer die jong avonturiers se woord daarvoor vat en dit nie self probeer nie.

17.
Hartenbos is net ’n tuisvoel-hartsplek waar jy Kersdag na kerk wil ronddrentel en ’n roomys eet, dalk familie of ou kennisse teëkom en ’n plek waar jy wil beleef hoe jou kinders of kleinkinders die son en die see met onbevange vreugde geniet.

Bron: Verwerk uit *Weg! Ry & Sleep*, Desember 2025 – Januarie 2026 / Uitgawe 70
Wikipedia

Teks B: Visuele teks – advertensie

@stealthkaravane

Gerief wat JOU volg

Kampeer in styl

GEBOU VIR DIE WILDERNIS: Waar vakmanskap en vermoë ontmoet

'n Betroubare metgesel, robuust, duursaam en van topgehalte-materiale vervaardig

Drie ikone – één standaard:

Stealth Klipspringer



Stealth Kudu



Stealth Springbok



Bron: *Weg! Ry & Sleep*, Oktober – November 2026

Vrae: Teks A		
1.1	Daar is verskeie verwysings in die teks dat die skrywer self in Hartenbos vakansie hou. Noem een.	1
1.2	Die skrywer het kleinkinders. Is die stelling korrek? Motiveer jou antwoord.	2
1.3	Haal EEN WOORD in die eerste paragraaf aan wat die skrywer self geskep het. Waarom is die woord binne konteks effektief?	2
1.4	Waarom kan ons aflei dat 60 pond in 1936 'n klein bedraggie was?	1

1.5	Gee twee redes waarom die spreker die teks geskryf het.	2
1.6	Hoe word die "Kaart van Afrika" in Wildernis gevorm? (Paragraaf 16)	1
1.7	Is daar 'n groot inkopiesentrum in Hartenbos? Gee 'n rede vir jou antwoord.	1
1.8	Haal SEWE OPEENVOLGENDE WOORDE in paragraaf 8 aan om te bewys dat die spreker self ook die 12 kilometer Diaz-strand toe en terug gestap het.	1
1.9	Noem een tipe vakansieverblyf in Hartenbos.	1
1.10	Wat is die betekenis van die volgende bysin binne konteks van die teks: "[A]s jy bietjie die 'bosveld'-gevoel wil kry"?	1
1.11	Waarom is die volgende stelling **geloofbaar**? Dit is veilig om by Hartenbos in die see te swem.	1
1.12	Het die spreker die laaste rit om Robbe-eiland geniet? Motiveer jou antwoord.	1
1.13	Haal TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE aan om te bewys dat die kabelglybaan by Die Punt in Mosselbaai nie baie lank gelede opgerig is nie. (Paragraaf 12)	1
1.14	Die woord "ook" in paragraaf 13 hou verband met die teks in paragraaf 12. Waarna verwys dit?	2
1.15	Is die onderstaande stelling 'n **feit** of 'n **mening**? "Om in Hartenbos te kampeer is seker die beste vakansie-ervaring wat jy ooit vir jou kinders kan gee."	1
1.16	Noem EEN interessante item wat by die Diaz-museum besigtig kan word.	1
1.17	Wat word deur die woorde "onbevange vreugde" geïmpliseer? (Paragraaf 17)	1
1.18	Watter woord in paragraaf 17 sluit aan by die titel?	1

Vrae: Teks B

1.19	Watter EEN woord in teks B dui daarop dat die karavane gebou word om baie lank te hou?	1
1.20	Wie is die **teikengroep** van die advertensie?	1
1.21	Hoe het die adverteerder jou **aandag getrek**?	1
1.22	Watter EEN eienskap van die karavane sal jou motiveer om een van die karavane te koop?	1
1.23	Watter **TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE** dui daarop dat al drie hierdie karavane van topgehalte is?	1

Vrae: Teks A en teks B

1.24	Verwys na EEN **verskil** tussen teks A en B.	1
1.25	Watter EEN WOORD in teks A kom ook in teks B voor?	1
1.26	Wat is die ooreenkoms tussen teks A en teks B?	1

Totaal Afdeling A: 30

Afdeling B: Opsomming

Vraag 2

Lees die meegaande tydskrifartikel, **teks C**, en maak ’n **opsomming van sewe belangrike voorbereidings wat jy moet tref voordat jy gaan toer.**

Let wel:

1	Jou opsomming moet in jou eie woorde, in duidelike volsinne en in paragraafvorm aangebied word. Dit mag nie meer as **90 woorde** wees nie.
2.	Jy moet **een samehangende paragraaf** skryf.
3.	Dit is nie nodig om vir die opsomming ’n titel te gee nie.
4.	Dui die **aantal woorde** wat jy vir die opsomming gebruik het, onder regs aan.

BELANGRIKE VOORBEREIDINGS WAT JY MOET TREF VOORDAT JY TOER

Behoorlike beplanning verseker dat jy ’n suksesvolle toer sal hê. Hier is ’n paar items wat jy moet saamneem.

Eerstens is dit baie belangrik dat jy ’n sterk tent het en indien jy ’n daktent het, is dit nog beter, want in leeuwêreld sal jy dankbaar wees as jy nie in ’n nylontentjie kamp nie.

Jou dokumentasie is van uiterste belang. Indien jy slegs in Suid-Afrika toer, benodig jy slegs drie kaarte, naamlik jou rybewys, jou kredietkaart en jou siekefondskaart. Sommige lande gaan ook vra vir ’n inentingsertifikaat teen geelkoors en dalk ook ’n internasionale rybewys wat deur die AA goedgekeur is. Hou ook jou voertuig en slaapwa se dokumentasie byderhand. Dit is ook belangrik om ’n lys van jou elektroniese toerusting aan die doeanebeampte te wys sodat jy nie invoerbelasting hoef te betaal as jy terugkom nie.

Begroot ook ruim vir jou toer. Neem die afstand en brandstofverbruik van jou voertuig in ag. Sorg dat jy dubbeld die begrote bedrag in jou bankrekening het vir onvoorsiene uitgawes.

’n Bandherstelstel en ’n sleeptou is ononderhandelbaar. Sorg dat jy oorleikabels, petrolpype, smeltdrade, handskoene, ’n banddrukmeter, wielskuim en ’n glimbaadjie in ’n sak het. Onthou ook ’n gereedskapsrol en ekstra onderdele vir jou voertuig.

Hou ’n botteltjie Dettol in jou paneelkissie en was jou hande onmiddellik nadat jy deur ’n grenspos is. Daar gaan honderde mense deur die grensposte en kieme is orals.

Alhoewel doeanewette jou nie toelaat om vleis en vars produkte oor die grens te neem nie, staan dit jou vry om blikkieskos, rys en pasta saam te neem.

Kommunikasie is van uiterste belang. Hou kontak met iemand wat jou monitor en wat deurentyd weet waar jy is. Deesdae is geen land sonder ’n selfoonnetwerk nie,

maar as jy in onherbergsame dele gaan toer waar nie selfoonopvangs is nie, huur ’n satellietfoon sodat mense weet waar jy is.

Jou selfoon het Google Maps, maar ’n GPS-toestel is aansienlik meer betroubaar. Jy kan boonop jou roete tuis op jou skootrekenaar beplan en op jou selfoon oorlaai. Moet egter nooit sonder ’n papierkaart van jou roete ry nie. ’n Selfoon, sowel as ’n GPS kan jou in die steek laat.

Jou noodhulpsak is ononderhandelbaar en dit sal uiters onverantwoordelik wees om daarsonder te reis. Dit is ook wys om vooraf vir ’n noodhulpkursus in te skryf.

Bron: Verwerk uit *Weg! Ry & Sleep*, Oktober – November 2026

Totaal Afdeling B: 10

Afdeling C: Taalstrukture en -konvensies

Vraag 3: Advertensie

Bestudeer die advertensie (teks D) hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

Teks D

Ontdek dít wat jy nie verwag nie ...

BON-Wildreservaat

En die beste van alles ... dis elke dag oop en toegang is gratis

Wat ons bied:



- **Kampering** tussen die diere
- **Selfsorgakkommodasie** by Imba House – sluit ’n gratis wildrit in



Staproetes wat in die pragtige natuur kronkel



- **Hovercraft-avonture** op die rivier om die asemrowende klowe en oorhangende kranse te geniet



www.bongame.co.za / 076 4521890

Bron: *Weg! Ry & Sleep,* Desember 2025 – Januarie 2026

Vrae: Teks D

3.1	Wat is die funksie van die **aksentteken** op “dít”?	1
3.2	Gee ’n **sinoniem** vir die woord “wildreservaat”.	1
3.3	Gee die funksie van die **dubbelpunt** in: “**Wat ons bied:**”	1
3.4	Waarom is daar ’n **ellips** (**beletselteken**) na die volgende sin? “Ontdek dít wat jy nie verwag nie ...”	1
3.5	Wat is die betekenis van “selfsorgakkommodasie”?	2
3.6	Skryf ’n **antoniem** van “asemrowende” neer.	1
3.7	Waarvoor staan die **afkorting** “co.za” in: www.bongame.co.za?	1
3.8	Watter **woordsoort** is “tussen”?	1
3.9	Skryf die volgende sin oor in die **lydende vorm**: “Ontdek dít wat jy nie verwag nie.”	1
		(10)

Vraag 4: Strokiesprent

Bestudeer die strokiesprent (teks E) hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

Teks E

Strokiesprent – Julie-vakansie: Ons ry met Jan Tuisbly se karretjie



Bron: Geskep met behulp van Canva

Vrae: Teks E

4.1	**Waar** speel hierdie gebeure af? Gee 'n rede 'n vir jou antwoord.	1
4.2	Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**? Motiveer jou antwoord deur na die seuns se lyftaal en gesigsuitdrukkings in raampies 1 en 2 te verwys. Gauta en Boet is baie opgewonde oor hulle nuwe avontuur.	2
4.3	Beskryf Gauta se lyftaal en **gesigsuitdrukking** in raampies 3 en 4. Watter afleiding kan jy hieruit maak?	2

4.4	**Kies die korrekte antwoord.** "Eish" in raampie 3 is 'n voorbeeld van: A Jargon B Slang C Eiegoed D Nuutskepping	1
4.5	Hoe, dink jy, het die twee seuns veilig uit die gronddam gekom?	1
4.6	Wat beteken **die idioom** in die opskrif? "Ons ry met Jan Tuisbly se karretjie."	1
4.7	Dink jy die seuns het 'n les geleer? Haal VIER OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat jou antwoord motiveer.	1
4.8	Wat is die doel van die **uitroeptekens** in raampie 3?	1
		[10]

Vraag 5: Tydskrifartikel

Bestudeer teks F (resep) en beantwoord die vrae wat volg:

Teks F

Hoendervlerkie-poppers

Met 'n bietjie fynsny kan jy die vlerkie se onderste lit of "boudjie" ontbeen en vul. Dis 'n (1) heerlike (2) (verassing/verrasing/verrassing) as jy die eerste happie van die vlamgebraaide lekkerny proe.

Jy benodig:

(3) 'n dosyn vlerkies

1 eetlepel hoenderspeserye

Sout en varsgemaalde swartpeper

Soetrissiesous

12 pikantrissies (peppadews)

12 (4) teelepels mediumvet roomkaas

So maak jy:

1. Sny versigtig langs die kant van die boudjiegedeelte van die vlerkie. As jy by die (5) lit kom, verwyder die beentjie versigtig. Vou die vleis terug in posisie.
2. Geur die (6) ontbeende hoender oraloor met braaispeserye, sout en peper.
3. Skep ’n teelepel roomkaas in elke pikantrissie en stop dit in die ontbeende vlerkie met die (7) opening van die rissie na binne.
4. (8) Steek die opening met ’n peuselstokkie of twee toe.
5. Braai die vlerkies vir (9) 15 minute oor matige kole tot die vel lekker bros is. (10) Verglans die vlerkies met ’n bietjie soetrissiesous en braai nog ’n paar minute.

Bron: Verwerk uit *Weg! Ry & Sleep*, Oktober – November 2026

Vrae: Teks F

5.1	Verskaf ’n **sinoniem** vir “heerlike”.	1
5.2	Kies die korrekte **spelling** uit die woorde tussen hakies.	1
5.3	**Hoeveel** vlerkies is ’n dosyn?	1
5.4	Gee die **afkorting** van “teelepels”.	1
5.5	Maak ’n volsin met die **homofoon** van “lit” sodat die betekenis duidelik blyk.	1
5.6	Benoem die **woordsoort** van “ontbeende”. Kies uit die volgende lysie: (werkwoord / bywoord / voltooide deelwoord / teenwoordige deelwoord)	1
5.7	Skryf die **verkleiningsvorm** van “opening” neer.	1
5.8	Skryf die onderstaande sin oor in die **ontkennende vorm.** “Steek die opening met ’n peuselstokkie of twee toe.”	1
5.9	Skryf een woord neer wat **dieselfde beteken** as “15 minute”.	1
5.10	Skryf die volgende sin in die **lydende vorm** oor: “Verglans die vlerkies met ’n bietjie soetrissiesous en braai nog ’n paar minute.”	1
		[10]

Totaal Afdeling C: 30
Groottotaal: 70